

# Nuusbrief

Jaargang 7 Nummer 1

Maart 2012

Liewe Kollegas

Met 'n skok besef ek dat die eerste kwartaal van 2012 byna verby is! Daar was die afgelope tyd talle verwickelinge in die KMDR en dít het my so besig gehou dat ek heeltemal tred verloor het met die tyd.

Verderaan vertel ek julle graag meer van al die verwickelinge.

Ds Willie van der Merwe

## In hierdie uitgawe:

1. Skommeling in KMDR personeel
2. Interim-reëlings vir die kantoor
3. Vordering met die elektroniese inligtingstelsel
4. Global Fund projek
5. Verwickelinge in die Maatskaplike Welsynsektor
6. Die Nasionale Ontwikkelingsplan
7. Vigsprojek
8. Die kerk en armoede
9. Verhouding tussen die Kerk en die KMDR
10. Supervisors Indaba
11. 'n Groetwoord

## Skommeling in KMDR Personeel

Ronel Gerber het onverwags 'n baie goeie aanbod van 'n maatskappy gekry en ten spyte van allerhande pogings van ons kant, was ons nie in staat om haar diens te behou nie. Sy het die diens van die KMDR op Vrydag, 16 Maart 2012 verlaat.

Die direksie van Hugenote Kollege het die pos van uitvoerende hoof (vroeër die rektorspos) vir my aangebied. Na vele gebed en baie gesprekke het ek besluit om die aanbod te aanvaar.

Ek verlaat die diens van KMDR op 31 Maart 2011. Ek het dan eers vier maande studieverlof voordat ek op 1 Augustus 2012 diens by Hugenote Kollege aanvaar.

## Interim reëlings vir die kantoor

Die KMDR Bestuur het die volgende interim-reëlings ten opsigte van die kantoor van die KMDR getref:

Suzanne Potgieter sal voortgaan om die KMDR kantoor te behartig. Botha van Aarde sal intussen die dringende sake in oorleg met haar hanteer. Suzanne se Kontakbesonderhede: ☎ 012 342 0092, 📠 012 342 0380, e-pos: [suzannep@ngkerk.org.za](mailto:suzannep@ngkerk.org.za)

Die Bestuur beplan om in April 2012 te vergader om strategies te besin oor die weg vorentoe.

## Vordering met die Elektroniese Inligtingstelsel

Ronel Gerber het 'n sleutelrol gespeel in die implementeringsplan vir die elektroniese inligtingstelsel. Sy het aangebied om steeds op 'n deelydse basis die KMDR hiermee te help.

Willem sal in die volgende week die program afrond en ons sal dit dan aan julle beskikbaar stel.



Ons sal ook binnekort met julle kommunikeer oor presies hoe Ronel se verdere betrokkenheid sal wees.

## Global Fund Projek

Ons verwag dat die uitstaande geld van verlede jaar se werk hopelik in die volgende paar weke betaal sal word.

Daar is egter geen vaste aanduidings hoe die projek vorentoe sal ontwikkel nie en daarom het die KMDR Bestuur besluit om 'n houding van wag en sien in te neem.

Enige navrae oor die projek kan aan Efraim Oppelt gerig word.

## Verwikkelinge in die Maatskaplike Welsynsektor (scenario beplanning)

Dit klink asof daar nou weer roeringe in die hofsaak in die Vrystaat is. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling beoog blykbaar nog steeds om teen die laaste uitspraak van die hooggeregshof te appelleer.

Van die Finansieringsbeleid hoor ons gewoon niks. Dit lyk asof die Departement van Maatskaplike ontwikkeling (nasionaal) nou besluit het om met die aangeleentheid laag te lê. Ons weet dus nie of daar enige vordering hiermee gemaak word nie. Soos julle weet het die Joint Strategic Committee ook onaktief geraak sodat daar tans geen skakeling met die nasionale departement is nie.

Wat die National Lotteries Distribution Trust Fund (NLDTF) aanbetref is die nuus ook maar min. Organisasies probeer tans individueel navraag doen oor die status van hulle aansoeke, maar in terme van georganiseerde aksies gebeur daar tans nie iets nie.

By 'n vergadering van Nacoss verlede week was dit regtig ontstellend om te hoor hoe organisasie na organisasie dieselfde storie vertel, beperkte fondse, snoei in dienslewering. Sommige organisasies begin selfs meer drastiese stappe oorweeg.

Die Konsultasie in Januarie 2012 het versoek dat die Bestuur 'n aantal scenario's ontwikkel sodat die lidorganisasies dit vir strategiese beplanning kan gebruik. Dit het nou krities belangrik geword en die Bestuur sal verder daaraan aandag gee wanneer hulle in April 2012 oor die KMDR se pad vorentoe praat.

Die Bestuur sal julle hieroor ingelig hou.

## DIE NASIONALE ONTWIKKELINGSPLAN

Die Konsultasie het versoek dat die Bestuur 'n standpunt daaroor aan die Moderamen van die Algemene Sinode voorlê. Ek het 'n opsomming van die plan gemaak met voorstelle oor hoe die kerk by die temas wat die plan op die tafel plaas, betrokke kan raak. Die memorandum is aan die Moderamen voorgelê en hulle het dit baie goed ontvang. Ek heg die memorandum hierby aan vir julle kennisname. Julle kan dit maar na goeddunke versprei en in gesprekke gebruik.

## VIGS PROJEK



Die jongste nuus wat die NRASD oor die finansiering van die Global Fund het is dat die betaling van die geld vir die dienste gelewer tot einde Desember 2012 goedgekeur is.

Blaai asb na bl 3

## DIE KERK EN ARMOEDE



By die Konsultasie in Januarie 2012 het ek julle ingelig dat die Algemene Sinode en die Moderamen (ASM) besluit het om die stryd teen armoede 'n prioriteit vir die volgende paar jaar te maak.

In die verband het ek by die ASM vergadering twee memorandumums voorgelê.

Die een handel oor die rol wat die lid-organisasies van die KMDR reeds speel en die ander handel oor die rol wat die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis meen hulle kan speel.

Botha van Aarde en ds Joseph Taiwe van die VGKSA (Suid-Transvaal Sinode) was saam met my by die ASM. Die twee memoranda is baie goed ontvang en die voorstelle wat daarin gemaak word, is aanvaar.

(Kopieë van die twee dokumente is hierby aangeheg). Botha van Aarde is gevra om saam met dr Braam Hanekom die projek verder te lei.



Vervolg van bl 2

Die NRASD hoop om die fondse binnekort in hulle bankrekening te hê en sal dit dan dadelik aan die onderskeie "sub-sub-recipients" versprei. Daar is ook nou weer sprake daarvan dat die Global Fund 'n nuwe kontrak vir die NRASD wil aanbied om met die projek voort te gaan. Die Bestuur het geoordeel dat om 'n wag-en-sien houding in te neem. As 'n mens nabetraging oor die projek wil hou sal ons moet erken dat dit 'n goeie geleentheid was om nuwe projekte aan

Blaai asb na bl 4



## Verhouding tussen die kerk en die KMDR

Die gesprek by die Moderamen het my hoop gegee. Die kerkleiers het deeglik van die rol van die KMDR kennis geneem en was opgewonde daarvoor.

Dit was opnuut 'n bevestiging dat ons van die KMDR se kant baie moeite moet doen om ons projekte en programme op so 'n manier te verpak dat dit vir die kerk sin maak en die kerk die verband met die gemeentelike bediening kan raaksien.

Dit was ook vir my duidelik dat die KMDR as 'n groot bate vir die kerk gesien word en dat daar 'n vasberadenheid by die ASM is om die werk voort te sit.

Ek dink die Moderamen is deeglik daarvan bewus dat die KMDR en sy lede nie net 'n goeie voertuig is om by gemeenskappe in te kom nie, maar ook goeie instrumente is waardeur 'n verskil in gemeenskappe gemaak kan word.

Die uitdaging vir die KMDR asook vir sy lidorganisasies is om nog 'n keer diep te dink hoe maatskaplike welsynsdienste nader aan die kerklike diakonaat geposisioneer kan word.

## Supervisors Indaba

Die KMDR Bestuur het die supervisors-indaba soos dit deur die Konsultasie voorgestel is, goedgekeur. Lizette van Niekerk is versoek om as die sameroeper van 'n reëlingskomitee op te tree. Die voorlopige datum is **13-14 September 2012** by die ATKV oord Drakensville, aan die voet van die Drakensberge. Lizette is besig met reëlings, maar kyk solank na julle begrotings en begins solank hieroor droom.





Vervolg van bl 3

die gang te kry, of bestaande projekte uit te brei. Beide die NRASD en die KMDR het ook in die proses baie ondervinding opgedoen van internasionale befondsers en hoe om in netwerke die befonding te probeer bekom. Ek vermoed dat dit vorentoe baie

waardevol vir die KMDR kan wees. Ek wil baie dankie sê vir elkeen wat tot hiertoe deel was van die projek. Dankie vir julle geduld en ondersteuning. Dr Renier Koeglenberg wat die projekteier van die kant van die NRASD was het onlangs ook melding gemaak van die positiewe ondersteuning en bydrae van die KMDR (kerke in die NG Kerkfamilie).

Baie dankie en "Koebaai"



Aangesien dit my laaste nuusbrieff en kommunikasie-geleentheid is wil ek graag dankie sê vir so baie dinge. Terwyl ek die benoeming na Hugenote Kollege oorweeg het, het die pad waarlangs my lewe en bediening die afgelope 32 jaar geloop het, telkens voor my geestesoog verbygerol.

Die een ding wat my opgeval het is dat 'n groot klomp van die senior personeellede en leiers van die verskillende lidorganisasies al 'n lang pad met mekaar saamloop en 'n hele paar sakke sout saam opgeëet het. Dit is waarskynlik een van die grootste bates van die NG Kerk se maatskaplike dienste. Die hoeveelheid ervaring en kundigheid wat in die span lê is van onskatbare waarde.

Dankie dat ek ook deel van die span kon wees, julle kon leer ken en in julle ervaring en kundigheid kon deel. Die lojaliteit, toewyding, "vasbyt", volharding en passie vir die organisasies van die personeel en leiers van die sinodale diensorganisasies het my elke keer bemoedig. Dankie daarvoor. Die erns oor die verbintenis aan die Here en Sy kerk wat van die personeel en leiers van die diensorganisasies uitstraal het my in elke kontaksituasie geïnspireer.

Die tweede ding wat my telkens opval is hoe sentraal omgee en diens van barmhartigheid steeds in die etos van die diensorganisasies staan. Julle gewilligheid om te dien het my

elke keer aangespoor. Julle geloof en vashou aan die Here wat ons geroep het, was elke keer 'n Getuienis. Dit was wonderlik om elke keer saam met julle te soek na die wil van die Here en saam te ontdek hoe Hy julle organisasies in Sy hand hou. Saam met julle hou ek vas aan die geloof dat die NG Kerk se maatskaplike diensorganisasies deel is van Sy plan om die wêreld te herskep.

Ek wil ook dankie sê dat julle my die afgelope ses jaar toegelaat en vertrou het om julle op nasionale vlak te kon verteenwoordig. Die was 'n heerlike ervaring om elke keer, in baie verskillende kontekste, vir ander te kon vertel waarmee julle besig is.

Dit is vir my baie swaar om nou die skuif te maak. Vir 'n baie lang tyd was die maatskaplike diensorganisasies en hulle programme deel van my lewe. Aan die ander kant is ek tog baie dankbaar vir die geleentheid wat die Here my gee om nou voltyds by Hugenote Kollege betrokke te kan raak.

Soos die meeste van julle weet gaan die kollege deur 'n diep transformasie en herposisionering wat daarop gemik is om die kollege nader aan die familie van NG Kerke en hulle kernbedieninge te bring. Ek is opgewonde daarvoor om nou meer gefokus betrokke te kan raak by die toerusting van mense, of soos ons deesdae sê, die bemagting van mense. Dit was altyd nog 'n sluimerende passie in my lewe.

Ek gaan julle mis! Julle is vir meer as kollegas. Ons het broers en susters geword, een wonderlike familie. Ek bid vir julle en julle organisasies in hierdie krisistyd waardeur julle gaan. Ek glo dat Hugenote Kollege en die KMDR en sy lidorganisasies eintlik maar kollegas is. Dat ons almal instrumente vir die kerk is om haar bediening te help uitvoer. Daarom sal ek hard daaraan wil werk om Hugenote Kollege en die KMDR nader na mekaar te bring.